Bitter water

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skrif: Exo.15:22-26

- Die Israeliete het ’n groot oorwinning oor die Egiptenare by die Rietsee behaal. Die volk was besig om die oorwinning te vier. Mirjam het ’n tamboeryn gevat en begin dans en al die vroue het haarvoorbeeld gevolg en met tamboeryne geloop en dans terwyl hulle tot eer van die Here gesing het.
- Dikwels kom daar na groot vreugde, groot teleurstelling!
- Moses het die Israeliete laat wegtrek van die Rietsee af. Hulle het drie dae lank in die Sur woestyn getrek en geen water gekry nie. Toe hulle by Mara aankom en uiteindelik water kry, kon hulle dit nie drink nie, want die water was galbitter.

Mara in Hebreeus beteken bitter. Mara se bitter water het die simbool geword van swaarkry en sukkel. Die was die bitter van die woestynskool waardeur Israel gevorm is.

Jy het dalk ook al jou kwota van woestynskool in hierdie lewe beleef. Daardie tye in jou lewe dat jy jou beste probeer, maar niks wil reg uitwerk nie. Het jy ook al beleef dat daar net eenvoudig tye kom dat die probleme so drie in ’n ry aangestap kom? Dit gebeur so maklik dat jy dinge goed bedoel maar dan ten spyte van jou opregtheid, alles opgevoeter word. Soms is dit net ’n klein misverstandjie wat ongelukkigheid veroorsaak! Soms is dit by die werk, soms by die huis of soms by die kerk, die plek waar jy dit die minste verwag. Dit is nooit lekker wanneer verhoudinge nie uitwerk nie. Dit is dan wanneer die singe wat veronderstel was om lekker te wees, ’n bitter nasmaak kry...

Dit is net te eienaardig hoe dikwels bitter oomblikke juis kort op die hakke van vreugde oomblikke volg!

1. Beproewing en seën

Eerstens wil ek jou daarop wys hoe naby beproewing en seën dikwels aan mekaar beweeg. Mens kan amper sê beproewing en seën loop rug aan rug teen mekaar.

Ferdinand Deist het gesê: *"Lyding vra van jou fyn waarnemingsvermoë, nuwe soeke na God, 'n ander uitkyk op die sin van die lewe. Lyding vra 'n totaal nuwe oriëntering waardeur jou lewe verander word... en jyself ook verander"*

- **God was en is nog altyd volkome in beheer van ons lewe (el voel dit soms nie so nie)!** Net soos hy destyds in beheer van die Israeliete se lewe was, is hy vandag nog steeds in beheer van ons lewe! **God gee nie altyd 'n antwoord oor waarom Hy toelaat dat ons swaarkry en ly nie.** Maar hy belowe dat Hy in elke krisis by ons sal wees. George MacDonald het gesê: *"Beproewing is maar net die skaduwee van God se vlerke."*
- **God laat dikwels toe dat, direk na 'n geestelike hoogtepunt, ons 'n geestelike laagtepunt bereik**. Die Israeliete het 'n geestelike laagtepunt bereik direk na hul Rietsee oorwinning! Dit was nie toevallig nie. Dit was doelbewus beplan. God lei sy volk deur middel van Moses die woestyn binne. Ena Murray skryf: *"Lyding maak sterk. Dit brei. Dit vorm en verdiep. Dit gee krag en weerstand. Dit gee staal. Maar terselfdertyd ook begrip en liefde en geloof in gesuiwerde vorm. Dit bring ook soms die goddelike in die mens van vlees en bloed te voorskyn."*
- **Die harde feite is waar nl. dat 'n mens nie naastenby so vinnig geestelik groei in tye van voorspoed nie as wat jy groei in tye van swaarkry nie!** God weet dit en Hy lei sy volk drie dae die woestyn in. Ons lees in Exo.15:25 *"daar het die Here die volk op die proef gestel."* Hoe dink jy sal ons benadering teenoor swaarkry tye verander, as ons elke keer net eers onsself kan afvra: **"Here, hierdie situasie waarin ek nou is, is nie vir my lekker nie, maar openbaar asseblief aan my, wat U hierdeur vir my wil leer!**

Voorbeeld: Voordat ek as jongman met my bediening begin het, het ek voor 'n krisis te staan gekom. Ek was oortuig van my roeping, ek het pas sewe jaar studies agter die rug gehad en met twee grade in die hand gestaan, ek het pas my verpligte weermagdiensplig van twee jaar voltooi. Tog was daar vir my geen werk nie want daar was 250 predikante meer as wat daar poste was. My moeder wat my gebeds-pilaar was, het skielik van kanker gesterf, en ek het geen inkomste gehad nie. Ek was getroud met 'n vrou en het twee kinders gehad om finansieel te versorg. Ek was bereid om enige werk te doen, maar kon geen werk kry nie. Ek het gevoel God wat my geroep het, het my in die steek gelaat. Telkens as ek in my lewe terugkyk na daardie woestynskool, was dit die tyd wat ek die meeste geleer het. Ek het geleer dat ek nie belangrik is nie en dat God my niks skuld nie. Ek was

pal op my knieë. Ek het geleer om deur te bid. Ek het geleer om een dag op 'n slag in geloof te leef. Ek het geleer om God 100% te vertrou. Ek het geleer om in 'n verhouding met God te leef wat geen dosent of boek my kon leer nie... Die harde feit is dat ek in daardie paar moeilike maande meer geleer het oor die bediening as in die vorige paar jaar. God maak nooit 'n fout nie.

Tweedens wil ek u daarop wys dat hierdie volk nog nie lank getrek het nie. Hulle was almal nog relatief onbekend met die trekkery. Ervaring om te oorleef in die barre woestyn omgewing was nog nie deel van hul mondering nie. God het gekies om dit wat hulle op hierdie oomblik die nodigste in hulle lewe het, van hulle weg te neem! Die volk het nie veel gevra nie. Hulle soek net goeie drinkwater om hul dors te les, maar God ontneem hulle die basiese behoeftes waarop hulle as't ware aanspraak maak. **Waarom sou God dit toelaat?**

Dit gebeur vandag ook dikwels dat God, dit waaraan ons die grootste behoefte het, ons ontneem! God laat dikwels toe dat dit waarna ons uitsien, dit wat vir ons in hierdie rowwe lewe die meeste bevrediging, troos en genot verskaf, dat juis dit verander in bitter seerkry en selfs swaarkry! **God kan toelaat dat dit wat vir ons die meeste bevrediging gee, van ons weggeneem word!**

Hoe kan God dit aan ons doen? Ons ken nie op daardie stadium wat dit gebeur, al die antwoorde nie, maar jy moet vandag weet God is oppad met jou, al is dit deur die woestynskool. <u>God sal nie toelaat dat jy enige hartseer beleef, as Hy nie 'n spesifieke doel daarmee het nie.</u>

Die gevolg van hierdie bitter omstandighede, was dat die volk na afloop van hul gemor en kla, oor en weer fout-vind, murmureer en beskuldigings, uiteindelik voor God hul skepper kniel en hul nood aan Sy dienaar Moses se voete neerlê. Moses neem hierdie wanhoop na God. **Die volk soek troos en hulp by hul Skepper.** Hulle word gedwing om op te kyk vir hulp, en dan sien hulle vir God raak. <u>David Nicolas sê:</u> *"God se beloftes is soos sterre: hoe donkerder die nag, hoe helderder vonkel hulle."*

God het 'n manier om ons telkens daaraan te herinner waaroor die lewe eintlik gaan. Hy begelei ons deur die krisisse van die lewe met een doel voor oë, om ons

aan ons afhanklikheid van Hom te herinner. Hy leer ons om Hom te vertrou. Hy leer ons om vorentoe te beweeg met waagmoed.

Dapper soldate weet, moed word deur lyding gevoed. Dit is selde dat iemand wat nog altyd net goeie dinge beleef het, in krisistye dapper vorentoe beur...

- Die wat in geloof vorentoe beur en God se wil soek, ontdek dat hul eintlik daagliks deur hul Skepper begelei word. Toe Moses op die laagte punt van sy leierskap was, het hy gebid: *"As U my goedgesind is, maak my U wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag" Exo.33:13*
- Ons ontdek dat telkens wanneer ons net vir ons eie plesier en gerief lewe, ons die Skepper se doel met ons lewe mis. *(Ons konsentreer dikwels so hard op ons eindbestemming, op dit wat ons wil bereik of wil gaan doen, dat ons vergeet die oppad wees, is vir God meer belangrik. God begeer dat ons in 'n verhouding met Hom sal lewe. Dikwels is ons so gefokus om dáár te kom, dat ons onder weg soontoe troebel verhoudings beleef. Ons vergeet dat God ook ander mense daar anderkant kan gebruik.)*
- Ons ontdek dat gehoorsaamheid aan God se opdragte, altyd die beste oplossing vir ons probleme is. Al is dit seer, al verloor ons iets wat kosbaar is. So leer ons om God te vertrou in tye van nood.
- Maar die mooiste waarheid is: **Ons ontdek Jesus kan die bitter in ons lewe weer soet maak!**

Moses kry opdrag om 'n stuk hout, wat hy waarskynlik van 'n boom kry, in die water te gooi. Volgens Joodse oorlewering was die stuk hout self bitter. **Die simboliek hiervan laat ons nadink aan die kruishout van ons Heiland en Verlosser**.

Die bitter lyding wat Jesus aan die kruishout op Golgota beleef het, maak dit vir ons vandag moontlik om die bitterste seerkry en swaarkry in ons lewe na Jesus te neem. Jesus het ons bitter seerkry en stukkende sondige lewens met liefde in Sy arms geneem en deur sy bitter lyding, vir ons versoening met Sy Vader moontlik gemaak. Jesus se bloed het vir jou en my aan die kruis by Golgota gevloei om weer die soet in ons lewe terug te bring.

- Wat vandag ook al die seerkry, swaarkry of bitter in jou lewe is. Hoe groot jou wanhoop, angs of nood ook al is. Jy moet vandag weet; Gooi 'n stuk hout oor die bitter van jou lewe. **Vra Jesus om Sy kruishout oor jou wonde**

te werp, sodat daar weer genesing troos en soet water uit jou bitter kan voortvloei.

- Watchman Nee sê: *"Daar is geen las wat nié ligter word as jy daarmee neerkniel nie."* Jesus se kruisdood op Golgota het dit vir jou moontlik gemaak.

Dit bring my by die tweede deel van die boodskap:

2. God se voorwaardes en beloftes van seën

Nadat God die volk se aandag gekry het deur bitter beproewing oor hulle pad te bring, maak Hy aan hulle bekend **dat Hy hulle volkome sal versorg en hulle sal seën, maar dat daar eers 'n paar voorwaardes is wat hulle moet nakom** (Eks. 15:26).

Hierdie voorwaardes geld vandag ook nog vir ons. God vra:

1. **Luister na wat God vir jou sê.**
2. **Doen wat reg is in God se oë.**
3. **Gehoorsaam God se Woord 100%.**

1. **Luister na wat God sê:**
   God praat op verskillende maniere met sy kinders. Hy praat deur gebeure, omstandighede, drome, die natuur, medegelowiges, prediking, maar veral deur Sy Woord. **Die opdrag is dat ons moet luister wat God sê.** Is dit nie ons groot probleem dat ons so besig is met ons eie werk, planne, oplossings ens. dat ons net eenvoudig nie luister wat God aan ons probeer sê nie. Dikwels interpreteer ons die dinge wat met ons gebeur verkeerd. Ons klankbord nie of dit wat ons uit God se kommunikasie verstaan, korrek is nie. Ons maak sommer gou ons eie afleiding en neem besluite oorhaastig.
   - **Hoe seker is jy of jy reg gehoor het wat God aan jou kommunikeer?** Bv. As God 'n deur toemaak, aanvaar jy dadelik dat die deur permanent toe gemaak is? Soek jy dadelik na 'n ander oop deur? Hoe seker is jy dat jy God reg verstaan?
   - **Die meeste seerkry ontstaan vandag oor misverstande en swak kommunikasie.** Ons luister nie meer na mekaar nie. Ons dink ons kan mekaar se gedagtes lees. Ons dink ons weet wat die ander persoon bedoel. Intussen slaan ons die bal vêr mis. Presies dieselfde doen ons met God! (voorbeeld van die twee hardhorende omies in die aftree

oord. Die een oom sê *"Kom ons gaan vang vis?"* Die ander oom antwoord: *"Ek het gedog ons kan vandag saam gaan visvang!"* Hulle praat oor dieselfde onderwerp maar luister nie na mekaar nie.

- **Voordat ons enige optrede neem, moet ons eers seker maak ons verstaan presies wat God aan ons wil kommunikeer!** Daarom is dit belangrik om tyd te neem en dit wat jy van God hoor, te gaan klankbord teenoor medegelowiges. Vra raad en luister na die raad van medegelowiges. Lees veral die Woord van God. **Wanneer God aan jou iets kommunikeer, sal Hy dit op meer as een wyse aan jou bevestig.** Moenie besluite neem en moenie oorhaastig beweeg voordat jy nie op meer as een wyse bevestiging ontvang het nie.
    - **Eerstens:** wanneer iets van God af kom, sal jy daaroor vrede in jou hart ervaar.
    - **Die tweede toets** is, daar sal ook ooreenstemming wees in die medegelowiges se gedagtes wat by die saak betrokke is.
    - **Die derde toets** is, jy sal uit meer as een skrifgedeelte dieselfde bevestiging uit die Woord van God ontvang.

2. **Doen wat reg is in God se oë.**
   Dit help nie ons weet wat God van ons verwag nie, maar ek kies steeds om my eie voorkeur te volg nie. Ek kan net 5 grade afwyk van God se plan en dit sal maak dat ek God se doel met my lewe mis!
   Voorbeeld: Ek hoor die verhaal van iemand wat in Kanada tydens 'n swaar sneeustorm voor sy huis gaan stilhou het en die afstandbeheer knoppie van die motorhuis deur gedruk het. In sy truspieëltjie het hy gesien hoe die motorhuis deur van die huis agter hom oop en toe maak elke keer as hy die knoppie druk! Hy was baie naby aan sy huis, maar nie by die regte adres nie!
   Ons is dikwels baie naby die regte optrede, maar mis steeds die doel. Ons weet dikwels wat die regte ding is om te doen, maar reageer dan verkeerdelik deur na ons emosies te luister! **Jou emosies is nie altyd betroubaar nie.** Jou emosie skram altyd weg van swaarkry en neem altyd die pad wat die kortste is, die lekkerste en gerieflikste voel. God se pad loop dikwels deur die Rietsee, loop 'n draai deur die Sur woestyn, gaan maak dikwels 'n draai by Mara, maar uiteindelik word jou karakter so gevorm en beleef jy sulke groot wonderwerke saam met God, dat jy nooit weer die emosionele kortpad wil loop nie!

3. **Gehoorsaam God se Woord 100%**

Ons probeer vandag steeds om kompromieë met God se Woord te tref. Dit is nie altyd vir ons lekker om te buig voor God se standaarde in Sy Woord nie. Dink maar net aan die manier hoe ons praat. Ons gebruik ons tong om Sondae God te loof en prys, maar dieselfde tong gebruik ons om gedurende die week om kwaad te praat, leuens te vertel en dinge te sê wat tot oneer van God is.

- *Jak.3:9-11 sê: "Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers so moet dit nie wees nie. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brakwater opborrel nie. 'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of 'n druiwestok vye nie. 'n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie!"*

<u>*Voorbeeld*</u>: Dit is so belangrik dat ons God altyd 100% gehoorsaam. Met die uittog uit Egipte het die Israeliete opdrag van God ontvang om die Pasga op die 14de dag van die maand Nissan (of Abib) in te stel (Eks.12). Daar was 'n presiese voorskrif hoe die volk die ongesuurde brood, die bitter kruie en die Paaslam moes voorberei vir die ete. **Hulle moes ook die bloed van die Paaslam ('n jaar oud rammetjie sonder liggaamsgebrek) aan die bokant en sykante van die deurkosyn van die huis waar hulle byeen was, smeer.** Daardie nag sou die Here met al die Egiptiese afgode afreken. Elke huis se eersgeborene sou sterf. Net die huise waar die bloed aan die deurkosyn gesmeer was, sou oorgeslaan word. Ons lees in *Eks.12:28 "Soos die Here vir Moses en Aaron beveel het, presies so het die Israeliete gedoen".* Daardie nag om middernag het God toegeslaan en sy belofte uitgevoer. Van die koningshuis tot in die tronk het die eersgeborene van elke huisgesin gesterf. Net die huisgesinne wat deur die bloed van die Paaslam beskerm is, is die bittere smart gespaar. **Die huisgesinne wat nie die voorskrif van God 100% nagekom het nie, is getref deur bittere smart,** uit elkeen van daardie huise het die eersgebore seun gesterf.

<u>Ons weet dat daardie gebeure in Egipte vooruitgewys het na die Paaslam Jesus Christus wat op Golgota aan die kruis vir ons sonde as soenoffer sou sterf.</u> **Vandag nog is God se Seun Jesus Christus die Paaslam**, **wat deur Sy bloed jou en my wil beskerm teen die bitter seerkry van die lewe** (Ons vier Paasnaweek binne 'n week van nou af). Jesus se bloed het reeds aan die

kruis gevloei om jou te beskerm teen die aanslae van die bose. Wie nie Jesus as die Paaslam aanvaar nie, wie nie skuil agter die bloed van die Seun van God nie, sal nie beskerm word deur God nie.

God gee aan ons 'n wonderlike belofte wanneer ons hierdie drie voorwaardes nakom. Hy onderneem:

"Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek die Here, wat julle gesond hou." Eks. 15:26

Wat beteken die belofte?

1. **God beklemtoon eerstens dat Hy regverdig is.** Dit beteken in die eerste plek vir die volk Israel dat as hulle ongehoorsaam is aan God en teen Hom rebelleer, sal dieselfde 10 plae wat Egipte getref het ook oor hulle kom. U sien God wou die volk waarsku en sê: Moenie dink dat julle so spesiaal is dat ek julle oortredinge sal oorsien nie. 'n Rebelse Israeliet, sal presies dieselfde straf ontvang as 'n rebelse Egiptenaar. **God wou dit duidelik maak dat Hy regverdig is en alle sonde sal straf, sonder inaggenome van die persoon wat dit doen.**
2. **God gee die versekering dat dit Hy is wat ons gesond hou!** As ons al sy voorskrifte in Sy Woord nakom, sal Hy ons ook gesond hou! Hierdie belofte staan steeds vas. Ons leer dit egter vandag uit ervaring op die harde manier.
    - **Ons weet bv. vandag dat baie van die siektes wat ons tref, die toedoen is van ons eie sondige leefstyl.** Voorbeelde:
        - **Kuisheid:** Ons weet dat God aan ons die voorskrif gegee het om kuis te lewe. Ons weet baie goed dat die gevolg van 'n onkuise lewenstyl en seksuele aktiwiteite buite die huwelik die pandemie van HIV/FIGS veroorsaak het. Die beste beskerming daarteen is steeds 'n kuise lewe!
        - **Die natuur:** Die oomblik toe die mense deur hul najaag van geld en rykdom begin het om die pragtige natuur wat God aan ons sorg toevertrou het, te vernietig, het dit gelei tot die vernietiging van ons pragtige planeet aarde. So het ons die Osoonlaag vernietig, skoon waterbronne word vernietig. Die uiteinde hiervan is talle siektes wat ons tref, waaronder een enkele voorbeeld kanker is wat vandag dreig om ons

gesondheid te verwoes. Selde dink ons daaraan dat dit ongehoorsaamheid aan God se opdragte is, terwyl ons die natuur verwoes.

- **Liefdelose woorde en dade:** Ons hits mekaar in die openbaar aan tot geweld en moord deur slagspreuke toe te laat soos: "Kill the farmer, kill the Boer" en "One bullet, one Boer". Ons vertroetel haatspraak in ons huise en blaas rassistiese spanning aan. Ons maak selfs geld deur mense aan te moedig om na geweldadige DVD's te kyk **en dan wonder ons agterna waarom daar soveel geweld in ons land is?** Selde dink ons ooit daaraan dat ons reeds baie ver afgewyk het van God se voorskrif: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"!

Wanneer ons dink dat ons kan maak wat ons wil, laat God eenvoudig toe dat ons drie dagreise ver die woestyn intrek. Daar los Hy ons by bitter water. Daar laat God ons 'n rukkie alleen in ons ellende. Nie omdat Hy nie van ons hou nie. Hy doen dit dikwels juis omdat Hy ons bitter lief het! Daar fluister Hy in ons noodroep, saggies in ons oor: Gehoorsaam my Woord en ek sal julle seën. "Dit is Ek die Here wat julle gesond hou."

Kom ons dink weer na oor die betekenis van die bitter en die soet in ons lewe. Wanneer ons die bitter van die lewe ervaar, bitter water, bitter kruie, dink daaraan dat dit nie God se bedoeling is om jou bitter te laat ly nie. God wag dat ek en jy in ons nood na Hom sal roep.

God ons nooi ons om Sy kruishout oor die bitter van ons lewe te plaas, Hy sal die bitter water weer vir ons soet maak! God is in staat om ons te verlos van die bitterste nood waarin ons verkeer. Hy is ons God, ons Verlosser, ons Paaslam wat ons met Sy bloed beskerm en ons gesond hou.

Amen.